NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

**05 Februarie 2021: Nr 03/2021**

## Warm nuus

### Vlak 3 aangepaste regulasies

President Cyril Ramaphosa het vandeesweek aangepaste Vlak 3 regulasies aangekondig. Hiermee 'n kort samevatting van die nuwe regulasies. Vir meer inligting, **klik** hier vir die nuutste uitgawe van die Staatskoerant.
* Eredienste of ander geloofsgebaseerde byeenkomste is beperk tot 50 mense in ’n gebou of 100 mense in die buitelug [Sien Artikel 36(3)(a)]. Die regulasie praat van “gatherings at faith-based institutions”.
* Begrafnisse is beperk tot 50 mense wat elkeen 1,5 meter van mekaar moet sit. Die byeenkoms mag nie langer as twee ure wees nie. [Sien Artikel 35(3)].
* Sosiale byeenkomste is steeds verbode [Sien Artikel 36(3)(b)].

### Bevestiging van huwelike onder vlak 3

Aangeheg is ‘n skrywe op ‘n amptelike briefhoof van die Departement Binnelandse Sake, gedateer 14 Januarie 2021, wat die rondte doen. Dit is die enigste inligting wat ons tot op hede beskikbaar het. Die egtheid van die skrywe word tans nagegaan.

### WhatsApp-groep vir leraars

Die Sinodehuis het ‘n groep op WhatsApp geskep spesifiek vir die *leraars van Noordelike Sinode* met die uitsluitlike doel om inligting deur te gee. Die bedoeling was dus nooit dat dit ‘n geselsgroep sou wees nie en is intussen verander na ‘n “Broadcast”-groep met die naam *Sinodehuis Info*.
Om dit vir jou makliker te maak kan jy die aangehegte QR-kode met jou foon afneem en dit onder jou kontakte stoor as *Sinodehuis Info*.




## Sinodenuus

### Nuwe Bybelvertaling elektronies beskikbaar

**Danie Ueckermann**, ons verteenwoordiger by Bybelgenootskap, gee die volgende inligting deur:
“Daar was verskeie navrae oor die beskikbaarheid van die 2020 Direkte Vertaling (BDV) op jou rekenaar en selfoon. Die goeie nuus is dat die BDV wel beskikbaar is op die internet. Die teks kan met “copy” and “paste” as harde kopie gedruk of op Powerpoint geplaas word. Gaan soos volg te werk:
***Rekenaar*:**
* Google “BibleSA App”
* Kyk na die Youtube video wat verduidelik hoe om te registreer en toegang tot die teks te kry.
***Slimfoon*:**
* Gaan na die “Play Store”
* Tik “BibleSA” en laai die toep op u foon af.
LW: Hierdie inligting is slegs aanlyn beskikbaar aangesien die BDV aan die webbladsy van die Bybelgenootskap gekoppel is.

## ❖ Tekslees met ‘n verskil

**Datum**: Dinsdag ***9 Februarie*** om 11:00
**Skriflesing**: **Markus 9:1-8**
**Zoom uitnodiging**: Join Zoom Meeting [**Kliek hier**]
**Meeting ID**: 921 9767 1478; Password: 453371
**Kontak** vir **Fanie Cronjé** (083 415 1452) of vir **Kobus Mybrugh** (083 227 7185) vir navrae**.**

## ❖ Sinodale Diensraad (SDR)

Zoom-vergadering op ***24 Februarie.***

## ❖ Eerstejaarskamp

**Universiteit van Pretoria**

Beste voornemende Tukkie Eerstejaar, Universiteitsoord NG Kerk nooi jou om deel te word van die beste studentegemeente in die land! Die beste plek om jou studente-jare te begin is by ons Eerstejaarskamp van gedurende die week van ***1 - 5 Maart 2021***.

Jy sal verseker nie spyt wees nie!

Ons hou al vir amper vyftig jaar lank Eerstejaarskampe! Die doel van die kamp is om jou te help om jou universiteitsloopbaan op die regte noot te begin. Kom ontdek jouself, maak wonderlike nuwe vriende, ontmoet jou seniors, die HK van jou koshuis/daghuis of dalk die liefde van jou lewe en bowenal begin jou student-lewe saam met die Here.

Vir hulp met inskrywings kontak admin@universiteitsoord.co.za

Vir meer inligting besoek: **Kliek hier**

*Daar is ook ander geleenthede: sien die inligting onderaan die pamflet* **>>>**

# Kollega- en ander personeelnuus

## ❖ Covid-19

**Hartseer...**



**<<< Leon J van Heerden** [emeritus en vroeër leraar by Rietfontein-Suid] is oorlede.

**>>> Johann L Ludike** [sendeling gekoppel aan Magalieskruin] is oorlede**.**

**Ons is van die volgende bewus:**

**Corné en Zanné Randall** [Overkruin] is positief getoets.

By Mootvallei is **Jan en Hanlie Botha,** asook **Ann Trollip** [kantoorbestuurder] positief getoets.

## ❖ In die hospitaal

**Derick du Toit** [Villieria] het ‘n knie-operasie gehad.

## ❖ Verjaarsdagwense

**Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:**

07/02 Carl Schunke [Koedoesrand, 083 650 6233, schunkecarl@gmail.com]
11/02 Marco la Grange [Koedoeskop, 078 824 6966, marcolagrange@icloud.com]
Johan Bosman [Emeritus, 082 409 0185, bosmanjnr@gmail.com]
12/02 Fouché de Wet [Pretoria-Oos, 073 234 0156, fouche@imaginemovement.co.za]
Gert Vorster [Emeritus, 083 259 9422, gert.vosterster@mweb.co.za]

10/02 Marianne de Wet [Hartbeespoort, 082 446 5225, leraar@hartiesng.org]
11/02 Lizette Cornelissen [Emeritus, 082 561 1820, mariusco@lantic.net]
Hanlie Botha [Mootvallei, 012-546 3545, janbotha1102@gmail.com]

# Gemeentenuus

- **Verjaarsdae: Baie geluk!**

  **Chinhoyi/Karoi** 11/02/1948

- **Tuinrand**

  **Muur van herinnering**: Nissies te koop @ R3500.
  Prys sluit onder andere gravering in; Bewaring is geldig vir 30 jaar na datum van afsterwe; Streng toegangsbeheer; Palissadeomheining ens.
  ***Belangstellendes*** kan die kerkkantoor kontak: Donderdae en Vrydae – 012-3792268 / ngtuinrand@telkomsa.net.

# Excelsus

- **Compassion Fatigue – Webinaar** [Sien pamflet >>>]

  Datums: ***16, 23 Februarie om 19:00***
  "All of us go through times of change and adjustment, also the need to redo some planning. There is an urgent need for spiritual advice amidst the experience of fragility and loss."
  Indien jy die eerste webinaar gemis het, kan jy nog steeds inskakel.
  **Registrasie** vind aanlyn plaas: Kliek hier

- **African Public Theology**




  Datums: ***4, 11, 18, 25 Februarie*** [Sien pamflet <<< ]
  Jy kan steeds registreer al het jy die eerste geleentheid gemis. Kliek hier
  Kyk gerus na die uitnodiging en inligting rakende die boek: Kliek hier

- **VBO Forum**

  **Hugenote Kollege se Skool vir Sosiale Innovasie bied die volgende kort-kursusse aan**
  - *Mensgesentreerde Ontwerpdenke vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap*
    Datum: ***10 Februarie***
  - *Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap*
    Datum: ***10 Maart***
  - *Mentoring en Afrigting, Persoonlike Meesterskap en Emosionele Intelligensie vir Sosiale Besigheid*
    Datum: ***19 Mei***

  **Inligting/inskrywing** is aanlyn beskikbaar: Kliek hier

# Ander nuus

## ❖ Vakatures

### Vakature by Harmoniehof

Harmoniehof Tuiste vir Bejaardes in Sunnyside, Pretoria benodig deeltydse dienste van ‘n **geregistreerde Verpleegkundige**. Applikant moet huidiglik by SARV geregistreerd wees.
Aansoeke sluit *12 Februarie 2021*
Stuur u CV na admin@harmoniepark.co.za. **Navrae**: Matrone Lowe, 012 440 3357.

### Vakature by Huis Piek

Huis Piek Tuiste in New Muckleneuk, Pretoria, benodig **dringend** ’n **voedseldiensbestuurder / spysenier** vir die voltydse voedseldiensbestuur en voedselvoorbereiding van al die funksies en werksaamhede van die tuiste met die oog op die doelmatige versorging van die inwoners en huurders.Toepaslike ondervinding is ’n vereiste. Aanstelling nie later as ***1 April 2021***. Die pos sluit huisvesting in as ’n opsie.
**Vir navrae en stuur van CV**: Kontak Adrie van Deventer (adrie3@mweb.co.za).

**Kerkbode:** **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

---

# Naskrif